

---

### DIE GAWES VAN DIE GEES

*1Pt 4:10-11 : 'n Gebalanseerde perspektief*

*Nico van der Walt*

---

Daar is geen sprake van egte Christenskap sonder die werk van die Heilige Gees nie. Hy is aktief oor die volle spektrum van 'n Christen se geloof, lewe en beleving. Dit kom onder meer tot uitdrukking in Sy wederbarende, verliggende, versekerende, heiligmakende en toerustende werk. Laasgenoemde is daardie aspekte van die Gees se werk wat die dissipel van Jesus in staat stel om te doen wat hy moet, en om te leef soos hy moet. En aan die hart daarvan lê die gawes van die Gees, oftewel die *charismata* (Gr. meervoud van *charisma*).

❑ Meningsverskil, verwarring en vrae oor ons tema is aan die orde van die dag. Hieraan wil ons egter nie in hierdie studie aandag gee nie. *Ons wil bloot met 'n oop gemoed en in breë terme na die Skrifgetuienis oor die charismata kyk.* Allereers is 'n onbevooroordeelde aanslag nodig ten einde 'n gebalanseerde Bybelse basis vir kerklike praktyk en beoordeling daar te stel. Ons ignoreer dus huidige vraagstukke S en kyk na die onderwerp asof ons in die eerste eeu leef.

❑ 1Pt 4:10-11 sny al die belangrikste fasette oor die saak aan. Ons sal dus bloot 'n klompie sleutelbegrippe in die twee verse bespreek.

"GENADEGAWE" (GR. *CHARISMA*)

❑ Die Nuwe Testament gebruik die woord 17 maal. *Dit dui op 'n gawe of geskenk van genade vanuit God se onverdiende liefde.*

- Verskeie kere word dit in die

algemeen gebruik vir die gawe van redding. Byvoorbeeld Rm 6:23: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die *genadegawe* wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here".

- Ten minste 7 keer word dit soos hier in 1Pt 4:10 gebruik: *die spesiale bekwaamhede wat die verheerlikte Here Jesus Christus (Ef 4:7-11) aan elke lid van Sy liggaam deur die werkinge van die Heilige Gees gee S sodat hulle Hom daarmee kan verheerlik deur Sy liggaam op te bou en uit te bou* (Ook Rm 12:6; 1Kor 12:4, 9, 28, 30, 31. Ook moontlik 1Kor 1:7; 7:7; 1Tm 4:14 en 2Tm 1:6).

❑ Skrifgedeeltes wat oor die charismata handel, is Rm 12:3-8; 1Kor 12-14; en Ef 4:7-16 (die woord word nie hier gebruik nie, hoewel dit duidelik oor die saak handel). Hierbenewens word op talle plekke beskryf hoe die geestesgawes beoefen is S veral in die evangelies en Handelingte.

❑ Ongeveer 18-20 verskillende gawes word in bg. Skrifgedeeltes genoem. Die presiese getal is onseker, omdat verskillende woorde bes moontlik gebruik word om dieselfde verskynsel te beskryf. Voorts is dit alles behalwe maklik om presies te weet wat elkeen behels.

- Ons moet dus nie dink in terme van 'n volledige, afgeslote en tegniese lys van gawes nie. Wat genoem word, is tipiese voorbeelde van wat destyds ervaar is. Die Skrif wil bloot by ons tuisbring dat die Here deur Sy Gees op talle maniere in en deur die gemeente

werk S soos elke situasie mag vereis.

- Dis voorts duidelik dat sommige van die gawes ten nouste saamhang met mense se aangebore persoonlikhede (bv. die vermoë om onderrig of leiding te gee), terwyl ander weer bonatuurlik van aard is (bv. die praat in 'n vreemde taal, sonder dat dit vooraf geleer is, of die bediening van 'n wondergenesing).

- Sommige gawes manifesteer eenmalig (bv. profesie en kennis), terwyl ander meer blywend van aard is en uiteindelik tot 'n staande bediening in die gemeente kan lei (voorbeeld hiervan is die apostels, profete, evangeliste, herders en leraars van Ef 4:11 S begaafde mense wat dan as persone gawes aan die gemeente word).

❑ Sonder om 'n waarde-oordeel oor hedendaagse verskynsels te impliseer, moet ten minste dit gesê word: *volgens die Skrif is 'n lewende gemeente per definisie charismaties van aard*. Dis soos my liggaam met sy groot verskeidenheid ledemate wat elkeen sy eie funksie het (1Kor 12). Die vrye, spontane en polsende beoefening van die priesterskap van alle gelowiges is eie aan ware, Nuwe Testamentiese kerkwees.

❑ Christus deel deur Sy Heilige Gees hierdie gawes soewerein uit S aan elkeen soos Hy wil (1Kor 12:11; 18).

"ELKEEN"

❑ Die Skrif beklemtoon dat *elkeen* wat deel van die liggaam van Christus is, een of meer charismata ontvang (1Kor 7, 11,

18). Dit beteken dat elke dissipel 'n plek en funksie in die gemeente het. Elkeen is nodig; niemand is oortollig nie.

❑ Hierdie waarheid plaas 'n gewigtige verantwoordelikheid op sowel lidmaat as voorganger.

'n Domineeskerk waar die voorganger min of meer 'n betaalde amptenaar is en omtrent alles moet doen, is nie Bybels nie. Voorgangers se taak is om die lidmate vir hulle dienswerk toe te rus (Ef 4:12). Hulle moet die priesterskap van die gelowiges aktief aanmoedig, stimuleer en kanaliseer. Hulle moet hulleself so gou moontlik probeer oortollig maak. Natuurlik kom dit nie oornag nie, maar leierskap wat nie uiteindelik hierin slaag nie, misluk. Daarom moet lidmate losgelaat word. Hulle moet vertrou word. En die Here moet met hulle vertrou word.

❑ Bogemelde kan net 'n werklikheid word in gemeentes wat uit ware gelowiges bestaan. Per slot van rekening kan slegs mense wat die Gees ontvang het, charismaties toegerus wees. Dis volkskerke vol kultuur-christene wat domineesgemeentes voortbring.

"NAMATE"

❑ Die Grieks dui op kwalitatiewe en kwantitatiewe verskeidenheid.<sup>1</sup>

Sommige is eenvoudig meer begaafd as ander; party het meer gawes as ander; party se gawes is van 'n meer uitstaande gehalte as die gewone.

---

1. Kenneth S. Wuest, *Word Studies in the Greek New Testament*, Wm. B. Eerdmans, 1942.

Maar ewe belangrik is dit om te beklemtoon dat geen gawe meer verhewe of "geestelik" as 'n ander is nie. In Christus se liggaam is niemand minderwaardig of meerderwaardig nie (1Kor 12:14-25).

❑ In die gemeente van die Here kom eenheid nie tot uitdrukking in eendersheid nie, *maar in verskeidenheid wat in harmonie funksioneer*. Dis die punt van 1Kor 12: verskeidenheid in harmonie!

Dis soos 'n simfonie-orkes. Elke instrument het sy eie klank en "sy eie wysie". Maar as almal in harmonie speel, is die gevolg grootser en aangrypender as enige instrument op sy eie.

"DIEN" (GR. *DIAKONEO*)

❑ Die charismata is nie speelgoed of trofee nie, maar gereedskap. Dit word vir ons gegee om ons broers en susters daarmee te dien. Dit is presies in lyn met die eenstemmige oproep van die Nuwe Testament, naamlik dat dissipels van Jesus geroep word tot 'n lewe van diens S 'n lewe in belang van ander, veral van medegelowiges. Ons ken die "groot opdrag" as dit gaan oor ons verhouding tot die wêreld om ons (Mt 28:18-20) S ons verhouding na buite. Gaan dit egter oor ons verhouding tot ons broers en susters S ons verhouding na binne S is ons "groot opdrag" om voetwassers te wees (Jh 13:1-17).

❑ Die laaste vers van 1Kor 12 is belangrik om die apostel se argumentasielyn te volg. Ongelukkig is die Grieks dubbelsinnig.

- Dit kan vertaal word soos die meeste vertalings: "Lê julle toe op die beste genadegawes. Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: ...". So 'n vertaling impliseer dat Paulus die liefde (1Kor 13) en die beoefening van die gawes (1Kor 12) in 'n sin teenoor mekaar stel. Dit sou egter vreemd wees aan die hele trant van sowel 1Kor 12-14 (wat 'n eenheid is), as van die hele Nuwe Testament se boodskap oor die gemeente. Die onderlinge liefde kom tot 'n groot mate juis tot uitdrukking in die oor en weer beoefening van die gawes.

- 1Kor 12:31 kan egter ook soos volg vertaal word: "Maar julle begeer die groter gawes! Kom ek wys julle egter die uitnemende weg: ..." (sien NIV voetnota). Hiervolgens wou die Korintiërs in hulle charismatiese beheptheid mekaar na die kroon steek. Hulle was in kompetisie met mekaar. En Paulus verwyt hulle daarvoor in hierdie vers. Dan wys hy egter vir hulle die uitnemende pad in hoofstuk 13: *die gawes moet in liefde beoefen word S agape-liefde wat die broeders en susters se belange hoër ag as jou eie*. Dit is waarskynlik die korrekte vertolking van hierdie vers.

- Sonder onderlinge liefde is alles in die gemeente tevergeefs. Dan speel die orkes nie meer 'n simfonie nie. Dan raas hulle net. Dan is die spreek in tale net die rumoer van klinkende metaal en 'n galmende simbaal S wat gewoon aandag wil trek (13:1). Dan is die gawes van profesie, kennis en geloof 'n ronde nul werd (13:2). Dan sou die gawe van uitdeling S hoe radikaal dit ook al tot

uitdrukking kom S niks baat nie (13:3).

"BEDIENAARS" (GR. *OIKONOMOS*)

□ Hierdie woord verwys na 'n slaaf wat verantwoordelik was om sy baas se eiendom, huishouding en belange te bestuur. Die begrip sou ook met "rentmeesters" of "bestuurders" vertaal kon word.

Van 'n rentmeester is altyd twee dinge waar: hy het 'n bepaalde *volmag*, binne bepaalde grense; en hy is *aanspreeklik* vir hoe hy sy taak uitvoer. Hierdie twee dinge loop altyd hand aan hand; jy kan nie die een hê sonder die ander nie.

- As ek 'n plaas sou hê, maar vanweë ander verpligtinge nie daar kon woon nie, stel ek 'n bestuurder aan. Ek sal noodwendig binne bepaalde grense aan hom volmag gee om sekere besluite self te neem. Maar hy sal eweneens verantwoordelik wees daarvoor. Hy sal gereeld aan my moet verslag doen.

□ Elke Christen het baie vryheid oor die aanwending van sy gawes. Positief moet hy self besluit hoe, waar en wanneer hy dit beoefen. Hy moet daarvoor bid, sy gawes ontwikkel en duidelikheid kry oor die Here se roeping in sy lewe (1Tm 4:14; 2Tm 1:6). En negatief moet hy versigtig wees om nie die Gees se werk in sy lewe uit te blus nie.

- Hoewel voorgangers lidmate hierin moet bystaan en aanmoedig, mag hulle nooit mense se eie charismatiese verantwoordelikheid manipuleer, uitbuit of op enige wyse geweld aandoen nie.

□ Die Nuwe Testament is duidelik daaroor dat elke Christen voor die Here verantwoording sal doen oor sy lewe S wat gewis ook sy charismatiese rentmeesterskap insluit. Baie betekenisvol is 1Kor 3:9-15, waarin die apostel skryf oor die Here se uiteindelijke beoordeling van ons dienswerk. Hierdie gedeelte handel in die eerste instansie oor die apostels se werk, maar sonder twyfel het dit ook betrekking op elke individuele gelowige.

"VEELVOUDIGE GENADE VAN GOD"

□ Die sleutel tot hierdie interessante uitdrukking lê in die betekenis van die woord "veelvoudige". Dit dui op 'n groot verskeidenheid, en besonderlik op 'n ryke en veelkleurige geskakeerdheid.

- Natuurlik was dit nie in Petrus se gedagtes nie, maar dit help ons om hierdie waarheid te verstaan as ons aan die gemeente dink as 'n prisma waarop God se genade vir Christus se liggaam soos 'n bundel wit lig val. As die hele gemeente dan ywerig hulle gawes oor en weer beoefen, word God se genade oop gepouster tot 'n veelkleurige spektrum S 'n Godverheerlikende skouspel voor die oë van die wêreld.

Andersom gestel, tot die mate wat lidmate hulle gawes onder 'n maatemmer wegsteek, tot daardie mate bly die realiteit van die Here se genadige betrokkenheid by Sy gemeente verskuil vir ons en vir die ongelowige wêreld.

"SPREEK" EN "DIEN" TOT EER VAN GOD (V. 11, OAV)

□ Die omvangryke verskeidenheid gawes word hier deur Petrus onderverdeel in twee groot kategorieë: spreek-gawes en doen-gawes. Hier en daar kry jy iemand wat in beide areas ewe sterk is, maar gewoonlik is ons eerder praters as doeners, of omgekeerd. Natuurlik moet die praters ook dikwels moue oprol. En die doeners moet ook soms hulle woord doen. Daar is immers so iets soos 'n mens se plig. Maar vir die meeste van ons is daar sekere aktiwiteite wat makliker kom as ander.

□ In beide areas word dit sterk beklemtoon dat ons daarop ingestel moet wees om GóD se woorde en handeling te bedien. Dit moet dus inderdaad die Hére se genade wees wat deur ons vloei. Uiteraard vereis dit van ons gebed, asook 'n puntenerige versigtigheid om ons dienswerk in harmonie met God se Woord, wil en karakter te beoefen.

- As Petrus sê dat ons woorde "soos woorde van God" moet wees (OAV), bedoel hy waarskynlik daarmee dat ons gesprekke altyd in pas moet wees met dit wat God in Sy Woord sê. Dit moet dus opbou en bemoedig, en nie ligsinnig of afbrekend wees nie.

- Wat ons dade betref, moet ons "dien met die krag wat God verleen." Die woord vir "krag" dui eerder op *vermoë*, as op krag in aksie. Party Christene het 'n té super-geestelike idee oor die gawes S asof ons amper willose stukke gereedskap in die Gees se hande is. Nee, die Here rus ons toe deur Sy Gees, maar ons bly rentmeesters.

□ Die doel van ons charismatiese aktiwiteit is dat ons "God in alles verheerlik deur Jesus Christus". Té dikwels word met (sogenaamde) charismata gespog, en gaan dit oor vertoon, sensasie en beleving.

□ Dit lei die apostel dan tot 'n lofuiting: "aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid!" Hierdie lof kom God toe tot in die *aione van die aione* (lett.) S bedelinge vermenigvuldig met bedelinge. Dis die oortreffende trap tot sy hoogste orde gevoer: vir ewig en vir ewig.

Die lofuiting word afgesluit met "Amen". Dit beklemtoon die ontwyfelbare waarheid van wat gesê is. Dis soos 'n seël van bekragtiging.

OPSOMMEND

□ 'n Deel van God se genade vir die gemeente en die wêreld is aan my toevertrou. Hierdie genade moet ek as rentmeester soos 'n goeie kelner op die regte bord neersit, soos 'n goeie posbesteller by die regte adres aflewer. As ek dit nie doen nie, ontnem ek ander 'n deeltjie van God se genade S wat beteken dat ek 'n ontroue dienskne is. As ek egter getrou en gehoorsaam is, dra ek my deeltjie by om mense die skouspelagtige skoonheid van God se genade te laat sien. Dus, of ek praat en of ek doen, laat ek toegewyd daarin wees, sodat die Here in en deur Sy gemeente verheerlik kan word.

□ Dit is liggaamslewe in 'n neutedop. Dit lê aan die hart van ware kerkwees. En dit is in 'n besondere sin die Here se

manier om dinge hier op aarde gedoen te kry en om Homself te verheerlik. Hy werk feitlik altyd middellik S en graagste deur Sy gemeente.

□ Dikwels wonder Christene wat hulle gawes is. Wie onderstaande riglyne volg, sal nie lank hoef te twyfel nie:

- Soos met alles in jou Christenskap, wees Godgesentreerd en Christusgefokus. Die charismata gaan oor die Here se eer. Fokus dus op Hom, en die res kom asof vanself. Konsentreer op die Gewer, nie op die gawes nie.

- Bid oor jou charismatiese begaafdheid, jou plek in die liggaam en jou roeping. Vertrou die Here om algaande vir jou duidelikheid te gee.

- Vra jousef die volgende vrae: Wat geniet ek die meeste? Watter soort dienswerk kom vir my amper vanself? Watter leemtes in die gemeente sien ek voor ander raak? Wat kry ek goed gedoen S beter as meeste? Wat is my mede-gelowiges se opinie oor my begaafdheid?

- Doen wat voorhande is; doen jou plig. Dien jou broers en susters voluit. Wees 'n voetwasser. *Eerder as om te vra wat jou gawes is, vra hoe, waar en wie jy kan dien.* So sal jy amper vanself jou nis in die gemeente vind.

Mens sien die nood om jou raak deur die bril van jou begaafdheid. Indien die nodige vrymoedigheid en vryheid bestaan, vul mens die leemtes om jou amper spontaan volgens jou charismatiese bedrading.

- Onthou: as jy die visie het, het jy die werk.

- Plaas jousef as 't ware in die pad van die gawes. Gooi jou gewig dáár in waar jy die Heilige Gees sien werk. Raak betrokke waar jy meen die Here genade wil laat aflewer. Raak betrokke!

- Moenie bang wees om in die geloof uit te stap nie. Ondernemingsgeloof word gespel: *doen, waag, verwag!* Petrus sou nooit op die water geloop het as hy dit nie buite die boot gewaag het nie. Sommige mense is so bang hulle maak foute, dat hulle liewers niks doen nie. Hulle begrawe hulle talente (Mt 25:24-30; Lk 19:20-27). Almal van ons maak soms foute, maar as ons wil sink, is die Here altyd byderhand voordat ons onder die golwe verdwyn.

- Onthou, dit neem soms jare vir sekere gawes en bedieninge om wasdom te bereik. Ons groei deur oefening, deur studie, deur gebed, deur ondervinding S en deur ons foute.

- Wag op die Here! Sekere bedieninge kan nie sommer beoefen word nie. Mens moet deur die gemeente daarin gestel word S en voordat die gemeente jou nie roep nie, het jy nog nie die Here se groen lig nie.

- Maak vrede met jou nie-gawes. Dit het ons almal S en sommer baie!

- Ontspan! Wees net jousef. Wees opreg. Wees spontaan. En laat jou broers en susters toe om net hulleself te

wees.

- Les bes, as jou dienswerk en die beoefening van jou gawes nie in liefde geskied nie, beteken dit 'n ronde nul. Positief gestel, as jy jou broers en susters liefhet soos jy moet, sal die charismata amper vanself uit jou vloei S soos uit 'n borrelende fontein.



Die doel van Antipas Herout is om Bybelse lering in die vorm van kort, bevatlike studiestukke gratis beskikbaar te stel, ten einde begrip van en geloof in die Godgesentreerde beginsels van die Woord so wyd as moontlik te bevorder. Hierdie lewensbelangrike waarhede is kernagtig en uitnemend geformuleer in die groot belydenisskrifte wat ontspring het uit die sestiende-eeuse Reformasie en is gebaseer op die fundamentele geloofsvertrekpunte: *die Skrif alleen, genade alleen, Christus alleen, geloof alleen, die eer van God alleen.*

As u op ons poslys wil wees om verdere uitgawes van die Herout en ander van ons lektuur gratis te ontvang soos dit verskyn, stuur u naam en posadres aan ons verspreidings- en redaksionele adres  
Antipas Herout, Posbus 12371, Queenswood, 0121; Tel & Faks : (012) 329 3012

Al ons lektuur, asook ander inligting, is beskikbaar op ons webwerf  
<http://www.reformed.org.za>

UITGEWERS  
Antipas Lektuur  
Posbus 263435, Drie Riviere, 1935  
Tel (016) 423 3639 of 423 3391; Faks (016) 454 0387

Nico van der Walt is 'n gemeentepastor en leraar in Pretoria. Hy onderskryf die histories-gerespekteerde en internasionaal-erkende 1689 Baptiste Belydenis - soos meeste reformatoriese (gereformeerde) Baptiste oor die wêreld.

Q

Dit staan enigeen vry om die inhoud van hierdie Herout met of sonder erkenning te

gebruik. Die skrywer het immers self baie hulp by andere gekry. Hy glo dis 'n suiwer uiteensetting van Skrifopenbaring, en sy hartstog is om die waarheidsevangelie so wyd moontlik te versprei, nie om dit te kniehalter nie.

Q

Indien u waardering het vir die Herout, help ons asseblief om sy boodskap wyer uit te dra. Stel dit aan andere bekend, moedig hulle aan om in te teken, of stuur vir ons name en adresse van mense van wie u glo dat hulle die Herout sal waardeer. Ons stuur met graagte 'n eenmalige bekendstellingskopie aan diesulkes - waarop hulle dan kan reageer. Onthou net dat ons graag u naam as aanbeveler wil noem.